**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# LAERSKOOL KRUGERPARK SPORT EN KULTUUR BELEID

## Reglemente van Orde: Skoolsport en Kultuuraktiwiteite

### 1. Algemeen

Skoolsport en skoolkultuuraktiwiteite word as 'n noodsaaklike afdeling van die skool werksaamhede beskou, maar is nie verpligtend vir leerders nie, en deelname is vrywillig.

### 2. Woordomskrywing

- Skoolsport- en kultuuraktiwiteite behels alle aktiwiteite wat deur die skool gereël en aangebied word, waaraan die leerders en die onderwysers, as deel van die onderrig- en opvoedingsprogram van die skool, met die goedkeuring van die Prinsipaal en Beheerliggaam van die skool, deelneem of op een of ander wyse by betrokke is.

- Juridiese verantwoordelikheid

  Om ooreenkomstig die reg, en/of enige wet en/of bepaling en/of regulasie uitgevaardig kragtens die Wet, wat spesifiek op skole betrekking het, vir sekere gebeure verantwoordelik te wees en dus 'n verpligting te besit om van hierdie gebeure rekenskap te gee.

- Gesagsdekking

  Die verlening van rugsteun aan 'n ondergeskikte amptenaar of liggaam se reg om bepaalde bevoegdhede uit te oefen.

- Sport en kultuur buite skoolverband

  Die sport- en kultuuraktiwiteite wat nie deur 'n skool vir sy leerders gereël word nie en waaraan leerders nie op georganiseerde wyse op versoek van en onder gesagsdekking van die skool deelneem nie.

**3. Skoolsport en Kultuuraktiwiteite geskied onder die gesagsdekking en juridiese verantwoordelikheid van die Beheerliggaam**

a) Juridiese verantwoordelikheid

- Die Beheerliggaam, as die wettige verkose verteenwoordiger van die ouers, kan 'n besluit neem ten opsigte van die deelname van die skool aan bepaalde sport- en kultuuraktiwiteite en die gebruik van die skoolfasiliteite daarvoor.
- By die implementering van die skool se beleid, sal die Beheerliggaam die wense van ouers en personeel in ag neem.
- Die skool onderneem om redelike voorsorg te tref ter voorkoming van beserings, skades en verliese ten opsigte van die liggaam of eiendom van deelnemers aan en toeskouers van enige sodanige amptelike aktiwiteite.
- Die skool onderneem verder om redelikerwys, in die algehele diskresie van die Beheerliggaam versekering uit te neem ter dekking van gemeenregtelike aanspreeklikheid en publieke aanspreeklikheid van die skool.
- In geval van nalatigheid van die kant van die skool deur middel van sy gevolmagtigde verteenwoordiger/s en/of funksionaris/se en/of sy werknemer/s handelende in die uitvoering van sy/haar/hulle pligte en binne die perke van sy/haar/hulle diensbetrekking is die skool as regspersoon aanspreeklik maar sal daar geen aksie ingestel kan word teen enige sodanige verteenwoordiger/funksionaris/werknemer van die skool in persoonlike hoedanigheid nie.
- In soverre die risiko/bedrag ten opsigte van enige besering/skade/verlies nie gedek is deur versekering nie aanvaar ouers self verantwoordelikheid ten opsigte daarvan en vrywaar ook die skool ten opsigte van sodanige eis/e.

b) Gesagsdekking

- Skoolsport en skoolkultuuraktiwiteite vind plaas onder die gesagsdekking van die Beheerliggaam.
- Waar leerders van die skool, met goedkeuring van die Beheerliggaam, as individue of as spanne/groepe amptelik namens die skool aan 'n sportbyeenkoms of kultuuraktiwiteit deelneem, geskied dit ook onder die gesagsdekking van die Beheerliggaam. Wanneer leerders van die skool onder die naam van die skool as individue of as span/groep teen ander skole, of in ligas, of in provinsiale of nasionale byeenkomste, of aan proefwedstryde, of uitdunne, of keuringsrepetisies deelneem, geskied dit onder die gesagsdekking van die Beheerliggaam en die juridiese verantwoordelikheid van die skool, dit sluit onder meer in

- ➢ Individuele leerders wat gekies is om in proefwedstryde te speel, of aan uitdunne of keuringsrepetisies deel te neem, om byvoorbeeld 'n streek of provinsiale hoër- of laerskoolspan /- koor/-groep te kies;
- ➢ Individuele leerders wat namens hulle skool aan 'n streek-, provinsiale, nasionale of internasionale byeenkoms of kompetisie deelneem.

## 4. Sport en Kultuur buite skoolverband

Die skool is nie juridies verantwoordelik nie en die deelname aan sport en kultuur geskied nie onder die gesagsdekking van die Beheerliggaam nie, indien:

- Die skool en die Beheerliggaam geen amptelike goedkeuring vir deelname gegee het nie;
- Die leerders nie namens die skool as individue of as span/groep teen ander skole, of in streek-, provinsiale of nasionale byeenkomste deelneem nie. Dit sluit ook onder meer in:
  - ➢ Wanneer die leerders as deel van die streek-, provinsiale laerskoolspanne/ -groepe aan nasionale wedstryde/byeenkomste deelneem.
  - ➢ Wanneer individuele leerders as lede van 'n sportklub of kultuurorganisasie buite die skool, aan ligas, streek-, provinsiale of nasionale saamtrekke of byeenkomste deelneem.
  - ➢ In hierdie nie-skool sportaktiwiteite en nie-skool kultuuraktiwiteite berus die keuse van deelname by die ouer en sy/haar kind, maar die skool kan skriftelik vereis dat sodanige betrokkenheid nie inbreuk op die skool se breë opvoedkundige program en ander skoolaktiwiteite maak nie.

## 5. Deelname: skoolsport en kultuuraktiwiteite

Deelname van die skool sal onderworpe aan die volgende riglyne plaasvind.

- Ligadeelname/-kompetisie/-byeenkomste moet in ooreenstemming wees met die bepalings/doelstellings/gees van die Grondwet en die wense van die ouers;
- Die veiligheid/gesondheid van die leerders moet geensins in gevaar gestel word nie;
- Deelname aan aktiwiteite moet die skool nie onderhewig maak aan 'n onredelike finansiële las nie;
- Skoolsport en -kultuuraktiwiteite moet opvoedkundig verantwoord kan word;
- Deelname aan vriendskaplike kompetisies/byeenkomste sal deur die Beheerliggaam na sy diskresie aanbeveel word, indien nodig;
- Indien nodig, sal die Beheerliggaam bepaal dat daar in aktiwiteite nie in skoolverband deelgeneem sal word nie/verder deelgeneem sal word nie, sonder opgaaf van redes.

## 6. Regte van individuele ouers en kinders ten opsigte van deelname

- Die regte van die individuele ouer om te besluit oor die deelname van sy eie kind aan spesifieke aktiwiteite word, onderhewig aan die riglyn hierbo neergelê ten volle erken;
- Deelname deur leerders is vrywillig - geen dwang of intimidasie sal uitgeoefen word nie.

## 7. Vervoer

Die skool sal, waar moontlik, onderhewig aan betaling van 'n fooi per leerder soos vasgestel vir elke geleentheid, vervoer na en vanaf goedgekeurde byeenkomste en aktiwiteite verskaf. In alle ander gevalle is die ouers self verantwoordelik om vervoer te verskaf.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

______________________________ Beheerliggaamvoorsitter

______________________________ Hoof: Laerskool Krugerpark